NWK BEHEREND BEPERK
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
Registrasienommer: 1998/007243/06
4AX Aandelekode: 4ANWKH
ISIN: ZAE400000028

("**NWK Beherend**")

NWK BEPERK
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
Registrasienommer: 1998/007577/06
4AX Aandelekode: 4ANWK
ISIN: ZAE400000010

("**NWK**")

VERWAGTE KONTANTWAARDE VAN DIE FRAKSIONELE AANSPRAAK IN VERBAND MET DIE AANBOD DEUR NWK BEHEREND OM AL DIE GEWONE AANDELE IN NWK WAT DIT NIE ALREEDS HOU NIE TE VERKRY

1. Inleiding

1.1. Aandeelhouers van NWK ("**NWK Aandeelhouers**") word verwys na die gesamentlike aankondiging van vaste voorneme (**"Aankondiging van Vaste Voorneme"**) deur NWK Beherend en NWK gepubliseer op die 4 Africa Exchange Eiendoms Beperk ("**4AX**") se Nuusdiens op Maandag, 08 Junie 2020, waarin dit, onder andere, aangekondig is dat NWK Beherend en NWK 'n implementeringsooreenkoms aangegaan het ingevolge waarvan NWK Beherend kennis aan NWK gegee het van sy vaste voorneme om 'n aanbod ("**Aanbod**") te maak om al die uitgereikte gewone aandele van NWK ("**NWK Aandele**") wat dit nie reeds hou nie te verkry vanaf die houers van NWK Aandele, by wyse van 'n reëlingskema ("**Skema**") in terme van artikel 114(1) van die Maatskappywet 71 van 2008 (**"Maatskappywet"**), alternatiewelik 'n algemene aanbod (**"Algemene Aanbod"**), teen die aanbodprys soos gestipuleer in die Aankondiging van Vaste Voorneme.

1.2. Die definisies en interpretasies wat begin op bladsy 13 van die Gekombineerde Aanbod Omsendskrywe aan NWK Aandeelhouers gedateer 07 Julie 2020 word gebruik in hierdie aankondiging.

1.3. Die doel van hierdie aankondiging is om NWK Aandeelhouers te adviseer rakende die verwagte kontantwaarde ten opsigte van die fraksionele aansprake in verband met die NWK Beherend Aandele wat ontvang sal word as deel van die Aandele Alleen Vergoeding. Duidelikheidshalwe, die finale regte ten aansien van fraksies sal na verwagting op die 4AX Nuusdiens aangekondig word op die Skema Finaliseringsdatum, synde 20 Augustus 2020.

2. Verwagte Kontantwaarde van Fraksionele Aansprake

2.1. Soos uiteengesit in die Gekombineerde Aanbod Omsendskrywe, sal NWK Aandeelhouers wat aangeteken is in die Register van NWK op die Skema Rekorddatum NWK Beherend Aandele ontvang ten opsigte van al hulle NWK Aandele gehou soos met die sluit van besigheid op die Skema Rekorddatum, in ooreenstemming met die Aandele Alleen Vergoeding, mits hulle kwalifiseer as BFCAP Deelnemers.

2.2. NWK Aandeelhouers ward daaraan herinner, dat BFCAP Deelnemers, synde daardie NWK Aandeelhouers wat voldoen aan die beperkinge opgelê op die oordraagbaarheid van NWK Beherend Aandele, en wat daarom kwalifiseer om NWK Beherend Aandele te hou, 1.2419 (een punt twee vier een nege) NWK Beherend Aandele vir elke 1 (een) NWK Aandeel wat vervreem word in terme van die Skema sal ontvang, synde die Aandele Alleen Vergoeding van die Aanbodprys.

2.3. Waar 'n NWK Aandeelhouer se aanspraak op nuwe NWK Beherend Aandele in bogenoemde verhouding lei tot 'n fraksie van 'n nuwe NWK Beherend Aandeel, sal sodanige fraksie ondertoe afgerond word tot die naaste heelgetal, wat sal lei tot allokasies van heel NWK Beherend Aandele en 'n kontantbetaling ten opsigte van die fraksie ("**Afrondingsbepaling**"). In terme van die 4AX Noteringsvereistes sal die toepaslike kontantbetaling ten opsigte van die fraksionele aansprake bepaal word deur die volume geweegde gemiddelde prys ("**VWAP**") van NWK Beherend Aandele te gebruik soos op 21 Julie 2020, minus 10%.

2.4. As gevolg van die feit dat daar geen verhandeling van NWK Beherend Aandele op 4AX op Dinsdag, 21 Julie 2020 plaasgevind het nie, is dit besluit dat die 30-dae-VWAP gebruik sal word in die berekening van die verwagte fraksionele aanspraak, derhalwe 484.97738 sent per NWK Beherend Aandeel. Hierdie bedrag, verdiskonteer met 10%, is 436.47964 sent per aandeel. Soos genoem in paragraaf 1.3 hierbo, is die kontantwaarde bedrag in hierdie aankondiging slegs 'n aanduiding van die finale kontantwaarde betaling van die fraksionele aansprake en sal dit aangekondig word by vervulling van alle Opskortende Voorwaardes van die Voorgestelde Transaksie, wat na verwagting op of omtrent Donderdag, 20 Augustus 2020 sal plaasvind.

2.5. **Voorbeeld van verwagte fraksionele aanspraak**

2.5.1. Hierdie voorbeeld veronderstel dat 'n BFCAP Deelnemer 1 (een) NWK Aandeel by die sluit van besigheid op Dinsdag, 21 Julie 2020, hou.

2.5.2. Die verhouding van NWK Beherend Aandele waarop 'n BFCAP Deelnemer geregtig raak ingevolge die Aandele Alleen Vergoeding is 1.2419 (een punt twee vier een nege) NWK Beherend Aandele vir elke 1 (een) NWK Aandeel gehou by sluit van besigheid op Dinsdag, 21 Julie 2020.

2.5.3. Deur toepassing van die Afrondingsbepaling, sal 'n BFCAP Deelnemer wat 1 (een) NWK Aandeel hou, 1 (een) nuwe NWK Beherend Aandeel ontvang en 'n kontantbetaling vir die fraksie van 0.2419 x 436.47964 = 105.4684 sent ontvang. Alle kontantwaarde fraksionele aansprake sal afgerond wees na die naaste vol sent (0.4 en laer sal afgerond word en 0.5 en hoër sal opgerond word).

2.5.4. NWK Aandeelhouers word ingelig dat, vir sover dit die belastingimplikasies van die kontantbetaling van die fraksionele aanspraak aanbetref, die ontvangs van die kontantbetaling nie onderhewig sal wees aan dividend-terughoudingsbelasting nie.

2.5.5. Die bogenoemde is 'n algemene riglyn en is nie bedoel om 'n volledige of bindende ontleding van die belastinggevolge van die kontantbetaling van fraksionele aansprake in terme van Suid-Afrikaanse belastingreg te wees nie. Dit is nie bedoel om regs- of belastingadvies daar te stel nie, en moet nie as sodanig beskou word nie, en aandeelhouers word geadviseer om hulle eie belastingadvies van 'n onafhanklike belastingadviseur in te win.

2.5.6. NWK en sy adviseurs kan nie verantwoordelik gehou word vir die belastinggevolge wat die Aanbodprys op individuele NWK Aandeelhouers mag hê nie, en daarom word NWK Aandeelhouers geadviseer om hulle eie belastingadviseurs te konsulteer, indien hulle twyfel oor hulle belastingposisie.

Lichtenburg

22 Julie 2020

4AX EKSTERNE UITREIKINGSAGENT:

Pallidus Capital Eiendoms Beperk

NWK Beherend Beperk	**NWK Beperk**
Scholtzstraat 81	Scholtzstraat 81
Lichtenburg	Lichtenburg
Noordwes	Noordwes
Suid-Afrika	Suid-Afrika

TRANSAKSIE ADVISEUR EN 4AX EKSTERNE UITREIKINGSAGENT:

Pallidus Capital Eiendoms Beperk

REGSADVISEUR VIR DIE NWK GROEP:

Cliffe Dekker Hofmeyr Ing.